
*UIT DIE PEN VAN DIE CEO (21/24)*
**(Volg my op X justchad_cga)**
*Justin Chadwick 24 Mei 2024*


***Mahatma Gandhi's seven blunders of the world that lead to violence: "Wealth without Work; Pleasure without Conscience; Knowledge without Character; Commerce without Morality; Science without Humanity; Worship without Sacrifice; and Politics without Principle"***

## *VISION* 260: EEN-JAAR OORSIG

*Vision* 260 is in 2022 deur die CGA-raad aanvaar en gee rigting aan die werksaamhede van die CGA. Fundamenteel tot die visie is die voorsienbare groei in sitrusvolumes oor die tien jaar vanaf 2023 tot 2032.
Verlede week se nuusbrief het na die situasie vir suurlemoene en Mandaryne gekyk. Hierdie week kyk ons na lemoene en pomelo's.




**Lemoene** se volumes is effens vóór *Vision* 260-teikens in 2023.
Die EU, Noord-Amerika en Rusland het toenames bó verwagting getoon, terwyl Asië, die Midde-Ooste en die VK nie die voorspellings bereik het nie.
Aanvanklike skattings plaas die 2024 lemoen-voorspelling vóór die *Vision* 260 teiken. Trouens, lemoene is vóór die teikens vir 2024 en 2025.




**Pomelo's** se volumes toon die meeste wisselvalligheid. Nadat dit ónder 2023-vlakke was, is die 2024-skatting vóór beide die teikens vir 2024 en 2025.
2023-volumes is beïnvloed deur 'n groot afname in uitvoere na China en 'n matige afname na Japan. Dit is tot 'n mate geneutraliseer deur toenames aan die EU en Rusland.

## SITRUSBEMARKINGSFORUM (CMF)

Neem asseblief kennis dat die volgende CMF-vergadering op Donderdag, 30 Mei om 10h15 via ZOOM sal plaasvind. Kontak asseblief vir Portia Magwaza portia@cga.co.za om die skakel te kry.

## GEPAK EN VERSKEEP

| Einde van Week 20<br>Miljoen 15 kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Oorspronklike skatting | Nuutste voorspelling | Finaal gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB/AGRIHUB** | 2022 | 2023 | 2024 | 2023 | 2024 | 2024 | 2024 | 2023 |
| Pomelo's | 8.4 m | 6.9 m | 7.6 m | 5.3 m | 4.9 m | 16.8 m | 16 m | 14.7 m |
| Mandaryne | 5.2 m | 7.2 m | 7.9 m | 5.0 m | 4.7 m | 43.0 m | 43 m | 38.m |
| Suurlemoene | 11.5 m | 15.0 m | 13.8 m | 13.1 m | 9.2 m | 37.9 m | 36.8 m | 35.6 m |
| Nawels | 1.5 m | 2.2 m | 2.3 m | 0.8 m | 0.5 m | 25.7 m | 25.7 m | 24.8 m |
| Valencias | - | - | - | - | - | 58.3 m | 58.3 m | 52 m |
| **Totaal** | **26.6 m** | **31.3 m** | **31.6 m** | **24.2 m** | **19.3 m** | **181.7m** | **179.8 m** | **165.1 m** |

***THE CGA GROUP (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY & CITRUS ACADEMY) ARE SUPPORTED BY AND WORK FOR THE CITRUS GROWERS' ASSOCIATION OF SOUTH AFRICA***